Sondag 43

Lees: Openbaring 11:1-14

Leuens is duiwelswerk

Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werk vermy. So, heel skerp, stel die Kategismus dit in sy uitleg van die negende gebod. En dit is nie sonder rede nie. Want dit is presies die werk van die duiwel om die wonder van God se genade in die evangelie te verduister. Die negende gebod wil ons juis wys op die roeping van die kinders van die Here om getuies van die waarheid van God in Christus te wees. Wat sal die wêreld sonder die waarheid van die evangelie wees? Dit sal verander in 'n hel op aarde, waar ons gedurig maar weer aangekla word. En dit is duiwelswerk. Hy kla gedurig weer aan.

In teenstelling met die werk van die duiwel word die kinders van die Here geroep om getuies van die waarheid te wees. Dit gaan in hierdie gebod oor veel meer as bloot dat ek nie 'n leuen mag vertel nie. Oor veel meer as vrae soos of ek vir iemand wat besig is om te sterwe, dit ook mag vertel, of mag ek die inligting weerhou; en mag ek soms 'n witleuen vertel?

Ons moet van die waarheid getuig; daaroor gaan dit in hierdie gebod.

Geen valse getuienis gee nie

Laat ons heel eerste gaan let op die presiese formulering van die gebod. Die negende gebod sê nie maar eenvoudig: "Jy mag nie lieg nie." Daar staan heel letterlik: "Jy mag geen valse getuie wees nie." En dit is belangrik om dit so te formuleer, dit so raak te sien, want dan sien ons duidelik in watter konteks die Here sy gebod dan ook bedoel.

'n Getuie is iemand wat funksioneer in 'n regsaak, in 'n verhoor. Dan moet daar getuienis afgelê word. In 'n verhoor waar daar beskuldiging teen iemand ingebring word, moet op grond van die getuienis beslissings gemaak word. Iemand se hele reputasie, iemand se hele lewe en iemand se waaragtigheid, kan hier in die gedrang kom deur getuienis wat hier gelewer word. Dink maar hoe vernietigend kan dit op iemand se lewe inwerk waar hy vals beskuldig word, waar getuienis oor die waarheid verdraai word. Teen niemand minder nie as ons Here Jesus word valse getuienis versamel, en dit spesifiek om Hom uit die weg te ruim, om Hom dood te kry.

U sien dus dat die verbod teen valse getuienis die lewe van die volk van die Here wou beskerm. Hulle moes veilig kon wees binne die kerk van die Here. Waar jou goeie naam nie bedreig sal word deur allerhande stories wat oor jou rondvertel word nie. "Ja, hy is wel vandag 'n aansienlike lidmaat, maar laat ek jou vertel hoe was dit tien jaar gelede, ja, wat het verlede jaar nog gebeur." So gaan dit nie in die kerk van die Here nie. En hoe noodsaaklik was die gebod dan ook nie om die volk van die Here te beskerm nie, 'n volk wat juis uit slawerny bevry is. Vry van die mag van die satan wat gedurig maar weer leuens aandra. Hy is immers die vader van die leuen. Van die begin af, so leer die Skrif ons, was hy 'n leuenaar. Hy bring ook dan die leuen die wêreld binne wanneer hy openlik 'n leuen aan Eva vertel: "God het wel gesê julle sal sterwe, maar ek sê julle sal sekerlik nie sterwe nie. Julle sal soos God wees." Maar wat was die uiteinde? Was dit 'n beskerming van Adam en Eva se lewe? Nee, dit het uitgeloop op die dood.

Die mens se lewe word bedreig deur die leuen van die satan. Sy leuen wat geglo word, loop uit op die dood vir Adam en Eva. Onmiddellik daarna het Adam begin om oor sy vrou leuens te vertel. Almal daarna het ontaard in leuenaars. Uiteindelik kan die apostel Paulus skryf: "Hulle het almal

afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hul keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid." (Romeine 3:12-14). Sien u wat gebeur het nadat die leuen gekom het? In die plek van die waarheid van die Woord van die Here, kom die heerskappy van die leuen. Hulle kele is soos oop grafte. In plaas van dat dit die lewe bring, bring dit die dood. Die apostel Paulus sê: almal se kele het soos oop grafte geword; deur die bank, almal van ons s'n. En niemand is van nature hiervan uitgesluit nie.

In die plek van die veiligheid van die mense van God bymekaar, word hulle vir mekaar 'n bedreiging deur hulle tong, deur hulle kele wat oopgaan. En dit gaan van kwaad tot erger. Uiteindelik bedreig die leuens van die farao die lewens van God se kinders. Hulle het die reg gehad om vry te wees en as volk die Here te dien in die woestyn en deur te trek na die beloofde land. Maar telkens lieg die Farao, bedrieg hy die volk van die Here, as hy ná al sy beloftes weier om die volk te laat trek. "Ek sal hulle laat trek, aan hulle vryheid gee." Maar dan, nadat die plaag gewyk het, blyk dit dat hy gelieg het en nie die waarheid gespreek het nie. Dan laat hy hulle nie trek nie, gee hy hulle nie vryheid nie, sodat hulle nie die Here kan gaan dien nie. Sien u hoe die leuens die volk van die Here slawe wil maak en wil doodmaak? Selfs nadat Israel uit daardie slawehuis gered is, hou die farao nie sy woord nie. Hy bly lieg. Hy jaag die volk agterna, net om die loon van die leuen te kry wanneer sy leër in die Rooi See verdrink. Daar waar die Here sy volk deurlei tot bevryding van die leuen, daar, in dieselfde see, verdrink die dienskneg van die leuen.

Van dit alles het die Here sy volk nou vrygemaak. Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die slawehuis van leuens, bevry het; en jy, my volk, wees jy nou geen valse getuie nie, wees jy geen leuenaar nie. Ek het jou bevry van die huis van leuens. Getuig jy nou van die waarheid, want die waarheid is die weg tot die lewe. Moenie die lewe van jou naaste deur leuens vernietig nie.

Jy hoef ook nie jou lewe te probeer beveilig of te bevorder deur leuens te vertel nie. Ek het jou gered en bevry uit die slawehuis. Leef nou van die waarheid. Die waarheid is die weg tot die lewe! Ons hoef nie leuens oor onsself te vertel om ons beter voor te stel as wat ons is nie. Laat ons liewer soos die verlore seun sê: "Vader, ek het gesondig." En laat God dan die waarheid oor jou spreek en sê: "Ek noem jou my kind. Kom, my seun, my dogter, laat ons feesvier." Uit hierdie verlossing kan ons lewe. Laat ons nie leuens gaan vertel om onsself te bevry nie, maar laat ons die waarheid spreek. Laat ons die waarheid oor onsself leer ken, dat ons almal van nature oop graftes is. En laat ons gaan leef uit die waarheid wat God oor ons te sê het, wat ons bevry.

"Ek is die weg en die waarheid en die lewe"

Ons gaan vervolgens let op die woorde wat die Here Jesus gespreek het in Johannes 14:6: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe". Ons kan in ons optrede as waaragtige getuies nie die waarheid praat sonder om oor ons Here Jesus te praat nie. Hy **is** immers die weg en die waarheid en die lewe. Hy het al sy profete gehad wat getuig het van die koms van die waarheid. En dan, aan die begin van die Nuwe Testament, ook nog Johannes die Doper, wat kom getuig het dat die Woord van God se waarheid nou vlees geword het en onder ons kom woon het. Almal, skryf die apostel Johannes, wat die Waarheids Woord wat vlees geword het, nou aangeneem het, het mag gekry om kinders van God genoem te word. Kinders gebore uit die waarheid vir die waarheid. Die Woord het vlees geword, die Waarheid het vlees geword, en onder ons gewoon. Ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom vol van genade en waarheid (Johannes 1:12 en 14). By Hom hoor ons die waarheid, want Hy is dit! Hy kom maak die leuen tot niet deur self te sterf onder die leuens, onder die valse beskuldigings. En dit terwille van ons, wat van nature leuenaars is. Hy neem terwille van ons die leuens op Homself. Hy sterf onder die leuens. Nou kan ons, sonder dat daar oor ons gelieg word, kinders van God genoem word, en dit is die waarheid, al verdien ons dit nie. Daar is nog veel oor ons te sê. Maar wat God oor ons sê, is: "Julle is my kinders!" Is dit nie die waarheid nie? Want Christus het dit vir ons verdien. Die negende gebod wil hierdie waarheid veilig stel. Hierdie waarheid dat ons waaragtig kinders van God genoem kan word, moet veilig wees. Daarom, spreek die waarheid met mekaar en oor mekaar in Christus. Dit wil die negende gebod ons leer.

Twee getuies

Nou kom ons terug by die Skriflesing uit Openbaring 11. Johannes skryf in die boek Openbaring oor die twee getuies. Die Here stel vir Homself twee getuies aan om 1260 dae lank te profeteer. Hulle moet van die waarheid getuig. Dit is die tydperk tussen Christus se lewe op aarde en sy wederkoms. Die Here stel twee getuies aan vanweë die vyandskap teen die evangelie. Dit sien ons in die konteks van Openbaring 11 en 12 baie duidelik. God het 'n regsaak met die ongelowige wêreld aan die gang. Nou stel Hy getuies aan, sodat daar in die regspraak uiteindelik uitspraak gegee kan word. En as getuies in hierdie regsaak het Hy nou sy kerk in die eindtyd aangestel. Wees julle my waaragtige getuies. Getuig julle van die waarheid, vanaf Jerusalem en Judea, van Samaria tot aan die uithoeke van die wêreld. In 'n wêreld waar die leuen graag gehoor en geglo word, moet die gemeente van die Here nou optree as getuies. Dag vir dag. Eenduisend tweehonderd en sestig dae lank.

Soos 'n Johannes die Doper, wat die volk opgeroep het tot geloof in die Woord van waarheid wat vlees geword het, is die twee getuies met sakke bekleed en roep hulle ook die wêreld op tot geloof in die waarheid. En hierdie twee getuies is tegelyk ook twee olyfbome en kandelaars wat voor God staan. Die kandelaar was die aanduiding van die werk van die Heilige Gees op aarde; van die inwoning van die Gees in die gemeente, volgens Sagaria 4. Die Gees van waarheid. Hy verseker dat hierdie twee getuies nooit sal ophou getuig totdat hul taak voltooi is nie. God self hou die vuur brandend op die kandelaar. Die lig van die waarheid sal nooit uitgedoof word nie. Let ook op die beskerming van die twee getuies. As iemand hulle wil verhinder in hul werk, gaan daar vuur uit hul monde en verslind hulle vyande. Die waarheid van hulle getuienis self sal die vyande van die waarheid oorwin!

Godslastering

Maar soveel as wat die waarheid tot lewe bring, soveel kan die tong in diens van die leuen vernietig. Teenoor die twee getuies uit Openbaring 11, lees ons in Openbaring 13 van die dier wat uit die see voortkom. Op sy sewe koppe staan 'n naam van godslastering. Die hele wêreld, so lees ons in Openbaring 13, het agter hierdie dier aangeloop. Hierdie antichristelike mag verset hom teen die getuies van die kerk van Christus. Aan hierdie dier, wat uit die afgrond voortkom, word 'n mond gegee. Daarmee gee hy valse getuienis (Openbaring 13:5). Hy praat, net soos die slang, kwaad oor God en oor sy kerk, en beskuldig alles in die hemel. Wat gebeur dan? Al die bewoners van die aarde gaan aanbid hom. Hierdie dier stel die mag van die valse getuienis voor. Getuienis waar die evangelie verdraai word en kwaad gepraat word oor die Here en sy kerk op aarde, oor die gelowiges en ook oor die heilige engele van die Here.

Ons het nou in dié lig sig op wat die negende gebod werklik van ons vra, as dit sê dat ons nie 'n valse getuienis teen ons naaste moet gee nie. Dit is die opdrag om die leuen self af te lê. Deur self die waarheid in geloof te spreek, verwag ons alles van God. Vir ons en ons naaste. In die gemeente en in die samelewing. Hier sien ons die betekenis van die negende gebod.

Waarheid spreek oor mekaar beteken nie dat ons alles oor iemand uitblaker wat daar te vertel is nie. Gee mekaar die ruimte en vryheid deur self uit die waarheid van God se genade en vergifnis te leef deur ons tonge te beheers, sodat ons nie weer in die slawerny van die leuens van satan verval nie. Tereg sê die Kategismus dat as ek die leuen vashou, ek die sware toorn van God oor my sal bring. En waar ek hierdie gebod van die Here oortree en berou het, mag ek ook weet dat, teen al die aanklagte van die satan teen my, ons 'n Getuie vir die waarheid in die hemel het, die Here Jesus wat self vir my by die Vader getuig. Dit sê ons nie sodat ons maar kan sondig nie. Maar as iemand gesondig het, dan het ons 'n Voorspraak, 'n Getuie van die waarheid, by die Vader, naamlik Jesus Christus, die Regverdige (1 Johannes 2:1). Daar is dus ook vergifnis vir die oortreding van die negende gebod.

Ons getuienis

Laat ons nou in die laaste plek gaan let op ons getuienis wat ons moet lewer. As die Here ons van die mag van die leuen verlos het, dan mag en moet ons ook nou uit daardie verlossing gaan lewe.

Ons moet ons gaan beklee met die nuwe mens. Terwyl ons onderrig is in die waarheid soos dit is in Christus, skryf Paulus aan die Efesiërs (4:21), moet ons die ou mens aflê wat deur die verleiding ten gronde gaan (4:22). Daarom moet ons al die leuens aflê en met mekaar in die gemeente die waarheid praat (4:25). Aan die duiwel, wat die vader van die leuen is, moet ons geen plek meer gee nie (4:27). Daarom moet ons ook heel konkreet gaan lewe volgens die eis van die negende gebod.

Dit is in die eerste plek belangrik dat ons nie meer hoef te leef uit 'n klomp leuens oor onsself nie. Waar die satan ons gedurig weer aankla, kan ons weet dat God regverdig is en ons om Christus ontwil vryspreek. Ons mag gaan leef uit die genade en waarheid wat deur Jesus Christus gekom het (Johannes 1:17). En as ons hierdie waarheid ken, sal die waarheid ons waarlik vrymaak. Vry van 'n gedurige leef onder die aanklag van die satan. Maar ook vry om allerlei leuens vir onsself oor onsself te vertel. Maar hoe dikwels dink ons nie dat ons bevryding daarin lê dat ons onsself vertel dat ons sonde, ons leuens, tog nie so erg is nie, want dit vergelyk nie te sleg met dié van ander in die gemeente nie. Ons is uiteindelik tog wel heel aanvaarbaar. **Dit** is 'n leuen. Moenie 'n valse getuienis oor uself gee nie. Van u sê die Skrif dat u keel 'n oop graf is. Daar is geen lewe in sulke leuens oor onsself nie. Ons Here Jesus bid in sy bekende "Hoëpriesterlike" gebed: "(Vader), heilig hulle in u waarheid; u Woord is die waarheid." (Johannes 17:17). God se Woord oor u, en nie u eie woorde en gedagtes nie, is die waarheid oor u. U mag geheilig wees in die waarheid van God se Woord. Kinders van gelowige ouers mag geheilig wees deur die Woord van die waarheid. Al dink ons nie dat hulle heilig is nie, God getuig self dat hulle waarlik heilig is. Wie is ons dan om valse getuienis te gee, om te sê: "Kinders van gelowiges is nie heiliges nie"? God sê hulle is! Christus het Homself vir ons geheilig, sodat ons in die waarheid geheilig kan wees (Johannes 17:19), sodat ons aan God mag behoort. Nie meer in die wêreld van sondeheerskappy nie.

Dan mag ons ook gaan let op die lewe met mekaar in die gemeente. Ons is aangestel as getuies van die waarheid in Christus teenoor mekaar. Getuig ons nog teenoor mekaar daarvan in die gemeente? Help ons dié wat worstel met die swakheid in hul sondes? Hoe baie van ons het nie bemoediging nodig nie! Getuig u van die waarheid teenoor hulle deur die waarheid en bemoedig u die swakkes? Versterk u hulle wat verdruk word in die gemeente? Of maak ons maar die leuenagtige opmerking dat dié en dié se geaardheid so is en dat hy nou maar eenmaal so stroef is? Dit is om leuens oor mekaar te vertel! Wat maak ons met hulle met wie dit, soos dit vir ons lyk, wel goed gaan? Praat ons ook met hulle, met die wete dat ook hulle aanmoediging en versterking nodig het? Ook wanneer hulle hul 'n keer in swakheid misgaan? Blaas ons hulle foute en swakhede op tot onoorkomelike sondes? Of bedek ons die sondes deur in liefde die waarheid met mekaar te spreek en met liefde oor mekaar te praat? Die tong is 'n geweldige krag en vuur wat magtige mense stuur soos wat 'n klein roer 'n groot skip van rigting kan laat verander, sê Jakobus.

Laat ons in die kerk van Christus stry vir die behoud van die waarheid. Oor Christus. Oor mekaar. Daarom moet ons bly stry vir die waarheid van die evangelie waardeur ons vrygemaak is van die mag van die leuen van die satan.

Eugene Viljoen

© 2016
www.christelikemedia.org